# St. Antonius van Padua

## 13 Junie



(1195—1231)

Hierdie beminde heilige, ’n Franciskaan van Portugese afkoms, se hulp word gewoonlik ingeroep by die soek na verlore voorwerpe. Hy was ’n baie nederige mens wat alles in-gesit het vir die opbou van God se Koninkryk. Aanvanklik het hy in stille afsondering geleef totdat sy medebroeders sy merkwaardige talent vir preek ontdek het. Hy word ’n vurige en geliefde prediker en die eerste dosent in teologie van die Franciskaanse-orde.

© Die Oratorium Uitgewery

©